

GIDS OOR DIE WET OP DIE BEKAMPING VAN HUISHOUDELIKE GEWELD, WET 4 VAN 2003



Legal Assistance Centre

Herdruk in 2011

Hierdie is 'n kort samevatting van die Wet op die Voorkoming van Huishoudelike Geweld 4 van 2003. Dit verduidelik die nuwe wet in 'n vereenvoudigde taal en gee voorbeelde om jou te help om dit te verstaan. 'n Meer volledige gids oor hierdie wet is ook beskikbaar by die Legal Assistance Centre (LAC).

Elke deel in die boek lys die dele van die wet wat jy kan raadpleeg vir meer inligting. Daar is ook 'n sakboekie oor hierdie wet wat die belangrikste dele beklemtoon. U kan dit by LAC kry.

Teks: Dianne Hubbard en Anne Rimmer

Illustrasies: Nicky Marais

Uiteensetting: Perri Caplan

Drukwerk: John Meinert Printing (Pty) Ltd

Borg: Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur die ondersteuning van USAID, AUSTRIAN DEVELOPMENT COOPERATION, die NAMIBIË LITERACY TRUST en die LAWYERS ASSOCIATION OF MALAGA, SPAIN. Die standpunte wat in hierdie boek weergegee word, is dié van die skrywers en nie noodwendig dié van hierdie ondersteuners nie.

Herdruk in 2011 geborg deur die DUTCH MINISTRY OF FOREIGN AFFAIRS, MDG FUND.

Austrian
Development Cooperation

Lawyers Association of Malaga,
Spain



Uitgewer: Legal Assistance Centre

© Legal Assistance Centre

Posbus 604, Windhoek, Namibië

Tel: 061-223356

Faks: 061-234953

Email: info@lac.org.na

Website: www.lac.org.na

Gedeeltes van hierdie boek kan gratis gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes solank die bron daarvan erkenning kry.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf.

99916-63-19-3

INHOUDSOPGAWE

DIE PROBLEEM VAN HUISHOUDELIKE GEWELD IN NAMIBIË	3
Misverstande oor huishoudelike geweld	4
Feite oor huishoudelike geweld	6
Kringloop van geweld	8
Kringloop van geweldloosheid.....	9
DEFINISIES VAN WETLIKE TERME	10
WAT IS HUISHOUDELIKE GEWELD?	11
WAT IS 'N HUISHOUDELIKE VERHOUDING?	14
'N OORSIG OOR DIE WET	16
BESKERMINGSBEVELE	17
HUISHOUDELIKE GEWELD OORTREDINGS.....	33
VERANTWOORDELIKHEDE EN PLIGTE VAN DIE POLISIE	39
DIE SIRKEL VAN GEWELD	binnekant van agterblad

Soos die meeste Namibiërs, is ek ook besorg oor die huidige vloedgolf van geweld in ons land, veral die brutale dade van geweld teenoor die kwesbare mense in ons gemeenskap, soos die oues van dae, vroue en kinders ... Hierdie misdade getuig van verregaande skending van menseregte. Almal wat hulle skuldig maak hieraan moet daarvoor boet en verantwoording daarvoor doen. As hulle skuldig bevind word, moet hulle sonder genade gestraf word. Ons is ontsteld oor die verlies van baie jong lewens deur die gevoellose gedrag van hierdie misdadigers. Noudat die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld deur die Parlement goedgekeur is, verwag ek dat die hande van ons polisiebeamptes en howe verder gesterk sal word om wetshandhawing sowel as die toepassing van geregtigheid effektief tot uitvoering te bring.

President Sam Nujoma, 31 Maart 2003

Wette is instrumente wat moet help dat ons ons doelwitte bereik, maar solank as wat mense se sienswyse nie verander nie, sal ons nie daarin slaag nie.

Agbare Nandi-Ndaitwah, Minister van Vroueaangeleenthede en Kinderwelsyn,
Parlementêre debat oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld

DIE PROBLEEM VAN HUISHOUDELIKE GEWELD IN NAMIBIË

HUISHOUDELIKE GEWELD is geweld wat tussen familieleden sowel as binne nuwe familieverhoudings plaasvind

Huishoudelike geweld word soms “aanranding” genoem. As dit plaasvind tussen ’n man en sy vrou, word dit “vrouemishandeling” genoem. Wanneer kinders slagoffers hiervan is, word daarna verwys as “kindermishandeling”.

Huishoudelike geweld is baie kommerwekkend omdat die huis sowel as die familie plekke behoort te wees waar mense veilig en geborge kan voel.

Alhoewel vroue ook gewelddadig kan wees, is vroue en kinders meestal die slagoffers van geweld wat deur mans gepleeg word.

Die syfer van huishoudelike geweld is “skokkend”

Dit is die getalle wat gister as “vreesaanjaend” beskryf is. Een uit vyf vroue is vasgevang in ’n geweldsverhouding, en meer as een derde van die vroue wie se sake aangemeld is, word fisiek of seksueel deur hul metgeselle mishandel. Dié statistieke skilder Namibië as ’n land met ’n skandelijke rekord van huishoudelike geweld. Dit is ook duidelik uit statistieke dat meer as ses uit elke tien vroue wat hulleself in sulke gewelddadige verhoudings bevind, nie hulp soek nie. Een uit vyf vroue wat mishandel word, praat met niemand oor wat sy deurmaak nie. Hierdie skokkende statistieke is gister in Windhoek bekend gemaak ná ’n studie wat sedert 1999 oor huishoudelike geweld uitgevoer is. Hierdie verslag is by die Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld teenoor Vroue en Kinders vrygestel.

The Namibian, 26 November 2003

In besonder wil ek my bekommernis uitspreek oor die huidige vloedgolf van geweld teenoor ons vroue en kinders. Hierdie oortredings dra by tot die skending van menseregte en onherstelbare skade aan die goeie naam van ons land. Hierdie barbaarse dade moet geheel en al verdoem en totaal uitgeroei word.

President Sam Nujoma, Opening van die Parlement, 11 Februarie 2003

MISVERSTANDE OOR HUISHOUDELIKE GEWELD

- **VROUE VRA DAARVOOR:** Soms beweer die mense dat vroue “vra” om mishandel te word omdat hulle mans daartoe dwing of omdat hulle versuim om huishoudelike takies te doen soos byvoorbeeld om die kos betyds gereed te hê. As ’n vrou baasspelerig, lui, onnet of hardkoppig is, sê hulle dat sy op haar plek gesit moet word.

Dit is onwaar. Baie idees oor hoe ’n vrou haar moet gedra is gebaseer op ons siening oor geslagsverskille wat onregverdig is teenoor die vrou. Daar is geen rede waarom ’n vrou geslaan moet word nie, wat die oorsaak ook al mag wees. Elke mens het ’n wetlike opdrag om nie gewelddadig teenoor die volgende persoon op te tree nie. Geweld is nie ’n aanvaarbare manier waarop probleme hanteer moet word nie.

- **AS DIT SO ERG IS, WAAROM LOOP SY NIE NET NIE?** Soms word beweer dat vroue daarvan hou om deur hul mans of kêrels geslaan te word omdat hulle glo dis ’n manier waarop die mans hulle baasskap moet bewys. Sommige sê dat dit nie vir vroue moeilik hoef te wees om gewelddadige verhoudings te verlaat nie. Hulle kan dit doen as hulle dit verkies.

Nie een van hierdie beweringe is waar nie. Niemand wil mishandel word nie. Geweld kan ’n vrou se gees sowel as haar liggaam vernietig. Vroue wat aangerand word, kan ’n swak selfbeeld hê. Hulle kan begin glo hulle is niks werd nie en hulle is net goed om geslaan te word. Hierdie soort ding kan daartoe bydra dat hulle sulke verhoudings moeilik verlaat of selfs weier om hulp te soek.

’n Vrou wat geslaan word, kan ook vasgevang voel in ’n gewelddadige verhouding omdat sy emosioneel en finansiële afhanklik is van die man wat haar slaan. Sy kan ook voel dat dit die beste sal wees om in so ’n verhouding te bly ter wille van die kinders. Dit kan wees dat die vrou glo dat die man wat haar aanrand, met verloop van tyd sal verander. (Mans wat vroue slaan, sê altyd agterna dat hulle jammer is en belowe dat dit nooit weer sal gebeur nie.) Maar dit gebeur wel weer. Dit kan wees dat die vrou vreesbevange is dat sy en haar kinders vermoor sal word indien sy hulp soek. In sommige gevalle glo sy dat dit haar verantwoordelikheid is om die verhouding te laat werk. Sy glo dat haar vriende en familie vir haar die skuld sal gee as die verhouding tot niet gaan.

Daar is baie redes waarom dit vir ’n vrou moeilik is om ’n gewelddadige verhouding te verlaat – maar dit beteken nie sy hou daarvan om geslaan te word nie.

- **WAT IN DIE FAMILIE GEBEUR IS PRIVAAT:** Sommige mense glo dat ’n huwelik baie privaat is. Hulle dink dat wat binne die familie gebeur, niemand aangaan nie.

Dit is onwaar. Wat in die familie gebeur, affekteer die hele gemeenskap op verskeie maniere. Die gemeenskap het ’n verantwoordelikheid om te verseker dat almal veilig voel. Mense wat met geweld grootword, is self in baie gevalle gewelddadig – omdat hulle glo dat dit die manier is waarop probleme opgelos word. Die gemeenskap het ’n verantwoordelikheid om probleme te voorkom wat die syfer van geweld verder verhoog.

Huishoudelike geweld het ook finansiële implikasies vir die samelewing. Dit dra daartoe by dat werksure verlore gaan en vereis meer gesondheidsdienste. Dit dra by tot die ontstaan van ander tipes misdaad en geweld wat addisionele druk op die polisie en die howe plaas.

Dit dra soms by tot groter misbruik van alkohol en dwelmmiddels. Huishoudelike geweld het ook 'n invloed op die nasionale ontwikkeling deurdat dit verhoed dat die slagoffers, die skuldiges en die hele gemeenskap tot hulle volle potensiaal ontwikkel.

- **ALKOHOL LEI TOT AANRANDING:** Sommige mans gebruik alkohol as 'n verskoning vir hulle barbaarse dade. Vroue wat geslaan word glo dat dit sal stop as hulle mans ophou drink.

Dit is onwaar. Baie mense drink sonder dat hulle gewelddadig word, maar baie mans wat nie drink nie, rand ook hulle vrouens of meisies aan. Dit is waar dat alkohol soms lei tot gewelddadige optrede. Die redes waarom 'n man drink en waarom dieselfde man gewelddadig word, kan met mekaar in verband gebring word. Alkohol kan geweld na vore bring, maar waarom daar geweld is, is gewoonlik onverklaarbaar.

- **GEWELD VIND GEWOONLIK PLAAS IN ARM FAMILIES, OF MET ONOPGELEIDE VROUE:** Mense dink dat geweld meestal in huise plaasvind waar die familie met 'n karige inkomste veg vir oorlewing. Hulle dink ook dat net onopgeleide vroue deur hulle mans of kêrels geslaan word.

Dit is onwaar. Geweld vind plaas in alle tipes huishoudings – arm en ryk. Dit is 'n probleem wat deur alle etniese geroepe in Namibië ondervind word – insluitend goed opgeleide vroue met goeie werk.

'n Studie wat deur die Law Reform and Development Commission en die Legal Assistance Centre gedoen is, het bevind dat een vyfde van alle tipes oortredings wat in Namibië plaasvind, verband hou met huishoudelike geweld.

Huishoudelike Geweld Sake Gerapporteer aan die Namibiese Polisie, 1999



FEITE OOR HUISHOUDELIKE GEWELD

- **Huishoudelike geweld is algemeen.** Daar word bereken dat meer as die helfte van alle vroue dwarsoor die wêreld fisieke geweld deur die toedoen van hulle metgeselle ondervind. In sommige lande is dit selfs meer.
- **Huishoudelike geweld is teen die wet.** Huishoudelike geweld is in teenstelling met die grondwet van Namibië. Dit skend ook die bestaande kriminele wette soos dié oor aanranding, onbetaamlike aanranding, kindermishandeling, asook die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld.
- **Huishoudelike geweld is gevaarlik vir die slagoffer.** Dit kan die slagoffer fisiek, emosioneel, finansiële asook sosiaal raak. So 'n slagoffer kan ernstige beserings opdoen of selfs sterf. Die beserings wat deur huishoudelike geweld veroorsaak word, is enige tyd net so ernstig as dié waar 'n vreemdeling jou aanrand. Emosionele en sielkundige mishandeling kan dieselfde skadelike effek hê as fisieke mishandeling.
- **Huishoudelike geweld is gevaarlik vir die kinders van die familie.** Kinders wat in gewelddadige omstandighede grootword, kan emosionele asook gedragsprobleme ontwikkel, selfs al ondervind hulle die geweld nie direk nie. Hulle leer ook dat geweld 'n manier is waarop probleme opgelos word.
- **Huishoudelike geweld is gevaarlik vir die vader.** Die vader kan die respek wat die familie vir hom het, verloor asook sy eie selfrespek. Hy kan dan probeer om sy verleentheid en ontoereikendheid weg te steek met meer geweld of deur in alkoholmisbruik te verval.
- **Huishoudelike geweld is skadelik vir die familie.** Geweld binne verhoudings word gewoonlik erger met verloop van tyd. Dit lei meermale tot die totale vernietiging van 'n huwelik.
- **Huishoudelike geweld is skadelik vir die gemeenskap.** Dit kan ander familieleden en die bure ontstel. Dit kan ook 'n slegte voorbeeld vir die kinders van die gemeenskap wees. Dit kan ander vroue in die gemeenskap bang maak.
- **Huishoudelike geweld is skadelik vir die breë samelewing.** Dit skep 'n atmosfeer van disrespek teenoor vroue. Dit leer kinders dat geweld aanvaarbaar is. Dit verhoog die koste van staatsmediese hulp, vermeerder probleme wat lei tot misdaad, die misbruik van alkohol en dwelmmisbruik, en andersyds verminder dit produktiwiteit. Op hierdie manier word die ontwikkeling van die hele volk gestrem.
- **Huishoudelike geweld is 'n geslagsgebaseerde probleem.** Alhoewel mans ook slagoffers van huishoudelike geweld kan wees, word die meeste gevalle van geweld teenoor vroue gepleeg deur mans wat hulle ken.

Ek het hulp nodig om my te leer hoe om my woede te beheer. Ek bly glo ek sal sterk voel as ek my vrou slaan, maar dit laat my baie sleg voel oor myself.



Wet teen geweld dringend nodig, sê maatskaplike werkers

OSHAKATI - ... Maatskaplike werkers glo dat die effek wat huishoudelike geweld op die familie-struktuur het, nie net die familie vernietig nie, maar ook die hele sosiale samehorigheid. Huishoudelike geweld en misbruik dra by tot die misbruik van alkohol en dwelms, selfmoord, mishandeling van kinders, langtermyn sielkundige probleme asook kinders wat die skool baie vroeg verlaat. Maatskaplike werkers het tot die gevolgtrekking gekom: "Ons voel ook dat dit belangrik is om die term "huishoudelike geweld" in diepte te verduidelik omdat mense glo dat fisieke geweld alleen teenoor die vroulike geslag gepleeg word. Tog sluit gewelddadige gedrag seksuele, finansiële en emosionele mishandeling in." Hulle het beklemtoon dat seksuele, finansiële and emosionele mishandeling nog steeds die familie-struktuur ondermyn en afbreek.

The Namibian, 26 November 2002

(2002 Algemene Jaarvergadering van Sosiale Werkers wat in Ondangwa plaasgevind het)


KINDERMISHANDELING

- Kindermishandeling vind plaas in die vorm van seksuele misbruik, fisieke mishandeling, emosionele mishandeling en verwaarloos.
- Kinders word in die meeste gevalle seksueel deur hulle eie familieleden misbruik.
- Mans sowel as vroue pleeg seksuele misdade teenoor kinders, maar in die meeste gevalle is mans die skuldiges.
- Beide meisies en seuns ondervind seksuele misbruik in die familie, maar die meeste slagoffers is meisies.
- Mans wat hulle vroue mishandel, doen gewoonlik dieselfde met hulle kinders.
- Kinders wat in gewelddadige omgewings grootword, raak in baie gevalle betrokke by misdaad, of wanneer hulle grootword, ondervind hulle gesinne ook geweld.

Geweld in intieme verhoudings vind plaas in alle lande, alle kulture en op enige vlak van die samelewing, terwyl sommige lande meer daarin gedompel is as ander ... Alhoewel vroue gewelddadig teenoor hulle manlike metgeselle kan wees, iets wat ook in verhoudings plaasvind waar mense van dieselfde geslag betrokke is, vind die meeste gevalle teen vroue plaas. In tien tot sewentig persent van die gevalle is vroue die slagoffers van fisieke geweld. Die redes wat aangevoer word waarom mans so gewelddadig teenoor hulle metgeselle is, sluit in ongehoorsaamheid of 'n misverstand met die man omdat sy hom oor uitvra oor geld, oor die feit dat die kos nie gereed is nie, omdat sy nie genoeg na die kinders en die huis omsien nie, die man seks weier, of omdat hy die vrou verdink dat sy onvrugbaar is. Vroue is gewoonlik vasgevang in hierdie verhoudings omdat hulle 'n lae inkomste het en oor armoede. Hierdie dinge gebeur gewoonlik in gemeenskappe waar vroue laer as die manlike geslag geag word en waar die man volgens hulle kultuur gesien word as die persoon wat volle reg het om met 'n vrou seks te hê ongeag hoe sy daaroor voel. Hierdie dinge dra daartoe by dat dit vir vroue moeilik is om gewelddadige verhoudings te verlaat. Daar is geen waarborg vir veiligheid wanneer sy so 'n verhouding verlaat nie. Dit gaan soms voort totdat die vrou vermoor word.


Agbare Amathila, Minister van Gesondheid en Sosiale Dienste,
Parlemêntere debat oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Gewe

GEWELDWIEL



Die Geweldwiel wys hoe fisieke en seksuele mishandeling verwant is aan ander vorms van mag en beheer in persoonlike verhoudings. Die meer subtiele vorme van beheer kan lei tot fisieke geweld, of kan afgewissel word met uitbarstings van fisieke geweld.

GEEN-GEWELD WIEL



Die Geen-Geweld Wiel wys optrede gebaseer op gelykheid eerder as mag. Dit verskaf idees vir die stel van doelwitte en grense in persoonlike verhoudings.

DEFINIESES VAN WETLIKE TERME

KLAER – die persoon wat huishoudelike geweld ondervind.

AANSOEKER – die persoon wat aansoek doen om 'n beskermingsbevel. In die meeste gevalle is dit die persoon wat die klag lê, maar dit kan ook iemand anders wees wat namens die klaer optree, soos byvoorbeeld 'n familielid, 'n vriend of 'n maatskaplike werker.

RESPONDENT – die persoon teen wie die beskermingsbevel uitgereik word. Dit is die persoon wat na bewering die daad gepleeg het.

AFHANKLIKE – 'n kind of ander familielid wat nie in staat is tot selfonderhoud nie en wat finansiële deur die klaer of die respondent onderhou word.

BEËDIGDE VERKLARING – getuienis wat onder eed afgelê word om later in die hof gebruik te word.

DAGVAARDING – 'n bevel om in die hof te verskyn.



BESKERMINGSBEVEL – 'n bevel van die hof waardeur die respondent beveel word om huishoudelike geweld stop te sit. Die beskermingsbevel kan ook ander bepalinge insluit wat die klaer beskerm, soos om die respondent te verbied om naby die klaer te kom, om die respondent te beveel om die gemeenskaplike huis te verlaat of om die respondent te beveel om die onderhoudskoste van die klaagster te dra.

Afdeling 1

In hierdie boek verwys ons na die klaer as “sy” en na die respondent as “hy”. Ons is bewus daarvan dat vroue ook geweld pleeg en dat mans ook slagoffers kan word, maar ons gebruik die taal wat by die algemene situasie pas. **Die Bekamping van Huishoudelike Geweld Wet is heeltemal geslag-neutraal en kan deur mans en vroue gebruik word vir beskerming, asook deur kinders van albei geslagte.**

Ons het 'n kanker in ons gemeenskap, 'n kanker van huishoudelike geweld . . .

Agbare Shimming-Chase,
Parlemenetêre debat oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld

WAT IS HUISHOUDELIKE GEWELD?

Die volgende optredes word geïdentifiseer as huishoudelike geweld wanneer dit binne 'n huishoudelike verhouding plaasvind. Die definisie van 'n huishoudelike verhouding word in die volgende afdeling bespreek.

(1) Fisieke aanranding sluit in –

- enige fisieke dwang teenoor die klaer soos om aangerand of geskop te word
- aanhouding onder dwang, soos om die klaer in 'n kamer toe te sluit of om die klaer te verbied om werk toe te gaan
- om die klaer toegang tot kos, water, klere, huis of rus te ontnem, soos om 'n klaer uit die huis uit te sluit.

(2) Seksuele misbruik sluit in –

- om iemand te dwing om deel te neem aan enige seksuele daad
- om 'n seksuele daad wat vernederend van aard is met iemand te pleeg. 'n Voorbeeld hiervan is as 'n man sy vrou se borste in die teenwoordigheid van familieleden aanraak en daarby afbrekende dinge oor haar borste se grootte sê.
- om iemand na seksmateriaal te laat kyk soos pornografiese tydskrifte of webwerwe wat hulle verneder en onwaardig laat voel.
- om seksuele kontak met iemand te hê met wie die klaer 'n emosionele band het, soos 'n familielid of 'n goeie vriend. Byvoorbeeld, 'n man pleeg huishoudelike geweld teenoor sy meisie as hy haar dogter uit 'n vorige verhouding dwing om 'n pornografiese film te kyk.

(3) Ekonomiese mishandeling sluit in –

- om die klaer op 'n onaanvaarbare wyse goedere of geld wat sy nodig het om 'n lewe te voer, te ontsê. Voorbeelde hiervan is om 'n persoon die reg te ontsê tot kos, tot die gebruik van 'n familievoertuig om by die werk te kom of om toegang tot haar eie geld te hê.
- om op 'n onaanvaarbare wyse goedere wat die klaer gebruik te verkoop of te beskadig. 'n Voorbeeld hiervan is om 'n familieradio met 'n hamer stukkend te slaan sodat die klaer nie daarna kan luister nie.
- om eiendom waarin die klaer 'n belang het of iets wat sy wil gebruik, weg te steek sodat sy dit nie kan gebruik nie. 'n Voorbeeld is om die klaer se werkuniform weg te steek sodat sy nie kan werk toe gaan nie.

(4) Intimidasie sluit in. Dit beteken om die klaer doelbewus bang te maak deur –

- haar te dreig dat hy haar fisiek sal aanrand
- haar te dreig dat hy een van haar familieleden sal aanrand
- 'n wapen te vertoon op enige manier wat dreigend van aard is. 'n Voorbeeld hiervan is om gereeld 'n mes op die tafel te laat lê en die klaer 'n vyandige kyk te gee.

(5) Teistering. Dit beteken om die klaer herhaaldelik te agtervolg of met haar of met 'n familielid van haar op 'n onaanvaarbare wyse te kommunikeer. Dit sluit in –

- om die persoon dop te hou of naby haar rond te hang
- om die persoon te bel, en dan niks te sê nie

- om vir 'n persoon briewe, e-posse, boodskappe of enige ander voorwerp te stuur.
- Dit is ook teistering as die beskuldigde iemand anders gebruik om hierdie dinge te doen.

(6) **Oortree**, sluit in –

- om die huis of erf van die klaer sonder haar toestemming te betree indien die twee nie saamwoon nie.

(7) **Emosionele, mondelinge of sielkundige mishandeling.** Dit sluit in 'n patroon vernedering van die aansoeker, 'n familielid of 'n afhanklike van haar, in gevalle van –

- herhaalde beledigings wat emosionele pyn veroorsaak.
'n Voorbeeld hiervan is wanneer die man sy vrou dwing om te aanvaar dat hy met sy liefmeisie in hulle gemeenskaplike bed slaap.
- herhaalde en ernstige jaloesie of besitlike gedrag teenoor die klaer. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die man sy tiener skoonsuster wat by hulle woon verbied om vriende te besoek of deur hulle besoek te word.

(8) **Dreigemente of pogings tot dreigemente** wat teenoor die klaagster uitgevoer word, word ook beskou as huishoudelike geweld. Dit is 'n baie belangrike punt. Jy hoef nie te wag om aangerand te word voordat jy by die hof gaan hulp soek nie. 'n Dreigement gee jou genoeg rede om dit te doen.

Niksbeduidende argumente en beledigings wat van tyd tot tyd in alle familieverhoudings voorkom, IS NIE huishoudelike geweld nie. Uitskel en om kinders op 'n aanvaarbare manier te dissiplineer IS NIE huishoudelike geweld nie. Huishoudelike geweld is gedrag wat fisieke, emosionele, finansiële en sielkundige skade berokken. Mense wat klein familie-verskille hof toe vat, sal weggewys word.



In die meeste gevalle van huishoudelike geweld kan een enkele geval genoeg wees om by die hof aansoek te doen om 'n beskermingsbevel.

Net in die geval van fisieke aanranding en sielkundige mishandeling word verwag dat dit gereeld gebeur voordat 'n beskermingsbevel oorweeg kan word. Gebeure wat as kleinighede gesien word, kan wel later in 'n roetine ontwikkel.

Byvoorbeeld, as 'n man sy rewolwer op die Bybel neersit waarin gestorwe familieleden aangeteken is terwyl hy op 'n dreigende manier sy vrou kyk. Hy doen nie regtig iets aan haar nie, maar maak seker dat sy hom dophou. Hy doen dit elke aand. Om 'n rewolwer op 'n Bybel te sit, lyk nie te ernstig nie, maar so 'n houding impliseer baie duidelik intimidasie.

Afdeling 2



OM KINDERS BLOOT TE STEL AAN GEWELD

Dit is 'n manier van huishoudelike geweld waardeur kinders daaraan blootgestel word om fisieke, seksuele en sielkundige geweld teenoor 'n familielid te ondervind, te sien of te hoor.

Die slagoffer van sulke geweld mag onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word nie, maar eerder die persoon wat dit doen. Byvoorbeeld, veronderstel 'n kind kom elke dag huilend by die skool omdat hy elke aand terwyl hy in sy bed is, hoor hoe sy pa sy ma slaan.

Sy onderwyser kan hom dan help om 'n beskermingsbevel van die hof teen sy pa te kry om die geweld te beëindig. Die ma is 'n slagoffer van fisiese geweld, maar die kind word ook 'n slagoffer van huishoudelike geweld omdat die pa die kind in 'n situasie plaas waar hy dit duidelik kan hoor.



Afdeling 2(2)

WAT IS 'N HUISHOUDELIKE VERHOUDING?

Huishoudelike verhoudings word in die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld soos volg beskryf:

(1) huwelik

- 'n burgerlike of tradisionele troue
- 'n huwelik wat kort tevore beëindig is
- om verloof te wees met die voorneme om te trou.

(2) saamwoon (om as man en vrou saam te lewe sonder om getroud te wees)

- huidige saamwoon
- saamwoon wat kort tevore beëindig is.

(3) twee ouers van 'n kind

- 'n man en vrou wat saam 'n kind het alhoewel hulle nooit getroud was nie
- 'n man en vrou wat saam 'n kind verwag alhoewel hulle nooit getroud was of saamgewoon het nie.

Die ouers van 'n kind kan baie gereeld bymekaargebring word wat sake van die kind betref, soos wanneer een ouer eis dat die ander een onderhoud betaal.

Hierdie wet is nie van toepassing in gevalle waar verkragting die oorsaak van die geboorte van die kind was en daar geen ander huishoudelike verhouding tussen die man en die vrou bestaan nie.

(4) ouer en kind

Dit is ouers met wetlik aangenome kinders.

Ouers en hulle kinders se huishoudelike verhouding gaan voort, selfs as die kinders al volwassenes is.

(5) familieleden met 'n huishoudelike verbintenis

- Enige bloedverwant, aangetroude familielid of aangenome familielid solank as daar 'n werklike huishoudelike verband is soos finansiële afhanklikheid.

Dit sluit mense in wat aangetroude familie sou gewees het as die twee wat saamwoon getroud was. Byvoorbeeld, as die man en vrou saamwoon in die huis van die man se familie of as die man se familie hulle finansiële onderhou, beteken dit dat almal deel is van die huishouding.

Uitgebreide families in Namibië is so groot dat dit kan gebeur dat mense familie van mekaar kan wees sonder dat hulle dit weet. Die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld is ontwerp vir gevalle waar mense op 'n daaglikse basis met mekaar in aanraking is omdat geweld in sulke gevalle baie gekompliseerd kan wees. Dit is waarom nie al die "familieleden" deur hierdie Wet ingesluit word nie, maar alleenlik dié lede wat 'n baie nou familieband het.

(6) liefmeisie-liefkêrel

- Enige twee mense van verskillende geslagte wat betrokke is of was in 'n intieme of romantiese verhouding.

Dit is nie nodig om 'n seksuele verhouding te hê nie. 'n Huishoudelike verhouding tussen hierdie twee mense kan bestaan sodra hulle met mekaar begin uitgaan.

Dit is nie nodig vir albei om saam te stem oor watter tipe verhouding hulle gaan hê nie. Byvoorbeeld, die meisie kan van die gedrag van die man aflei dat hulle 'n romantiese verhouding het, selfs al sê hy dat sy nie sy meisie is nie.

Omdat veranderende tye baie gevaarlik kan wees wat huishoudelike geweld betref, kan 'n "huishoudelike verhouding" nog vir een jaar bestaan nadat dit beëindig is, (soos in die geval van 'n egskedding of die beëindiging van 'n verhouding). As mense saam 'n kind het, bestaan die huishoudelike verhouding so lank as die kind lewe, of vir een jaar nadat die kind te sterwe gekom het. Die hof kan hierdie "huishoudelike" verhouding as blywend beskou so lank as wat dit nodig is.

Byvoorbeeld, 'n kêrel en 'n meisie kan hulle verhouding beëindig, maar hulle hou aan om mekaar gereeld te sien omdat hulle na dieselfde skool gaan. Die kêrel hou aan om die meisie te vra om weer op te maak, maar sy weier. Hy kan dalk kwaad word omdat sy aanhou om hom te verstoot. 'n Hof mag vind dat die "verhouding" aangegaan het vir meer as 'n jaar op grond van die kêrel se gedrag. Die idee is om die wet uit te brei om mense te beskerm teen geweld as gevolg van 'n vorige verhouding.

Hierdie wet maak NIE voorsiening vir romantiese verhoudings tussen persone van dieselfde geslag nie.

Dit beteken dat mense wat betrokke is in homoseksuele of lesbiese verhoudings waarin geweld voorkom, nie hierdie wet kan gebruik nie.

Afdeling 3



'N OORSIG OOR DIE WET

Wat kan jy doen as jy huishoudelike geweld ervaar?

Wanneer jy geweld ondervind of dreigemente van geweld ervaar, moet jy die volgende doen:

- (1) Jy kan aansoek doen om 'n **beskermingsbevel**.

'n Beskermingsbevel is 'n hofbevel wat die respondent beveel om sy gewelddadige optrede stop te sit, hom te distansieer van die mense wat hy dreig of mishandel of selfs die huis te verlaat waarin hulle woon. Om hierdie beskermingsbevel te verontagsaam is 'n oortreding. Die prosedure om aansoek te doen is baie eenvoudig. Jy het geen regsverteenwoordiger nodig nie. 'n Maatskaplike werker of 'n klerk van die hof of enigiemand van jou gemeenskap kan jou help om die aansoekvorm in te vul.

- (2) As die mishandeling 'n misdaad is (soos slaan wat as aanranding beskou word of messteek wat as voorgenome moord gesien word), kan jy 'n **klag** by die polisie lê OF die polisie vra om die dader 'n **formele waarskuwing** te gee.

Daar is bepaalde prosedures om die proses makliker te maak om 'n klag van huishoudelike mishandeling te lê. Byvoorbeeld, die slagoffer kan help besluit of die aanvaller op borg vrygelaat moet word. Daar is spesiale reëls wat die publisering van name in sake van huishoudelike geweld verhoed om die privaatheid van die gesin te beskerm. As jy nie 'n klag wil lê nie, kan jy die polisie vra om eerder 'n formele waarskuwing uit te reik.

- (3) Jy kan **beide** bogenoemde stappe op een slag doen.

Jy kan blootgestel wees aan 'n gevaar as jy 'n klag gaan lê terwyl die persoon uit is op borg. Daarom kan jy op dieselfde oomblik 'n beskermingsbevel aanvra as bykomende beskerming by die borgvoorwaardes.



Siviele aksie

Kriminele aksie

OF ALBEI

BESKERMINGSBEVELE

Wie kan 'n beskermingsbevel aanvra?

- Enigiemand wat in 'n huishoudelike verhouding is wat mishandel word of met geweld gedreig word.

In gevalle waar die geweld baie ernstig is, kan enigiemand onder die ouderdom van 21 ('n minderjarige) self aansoek om beskerming doen.

- 'n Familielid, polisieman, maatskaplike werker, gesondheidsbeampte, onderwyser, tradisionele leier, geestelike leier, werkgewer, berader of enige ander persoon wat omgee vir die persoon wat onder geweld gebuk gaan.

Die persoon wat geweld ervaar het, moet skriftelike toestemming gee dat die aansoek deur iemand anders gedoen kan word, tensy daardie persoon –

- onder 21 jaar is
- verstandelik ongeskik verklaar is
- bewusteloos is
- gereeld onder die invloed van alkohol of dwelms is, of
- die risiko loop van so 'n ernstige fisieke gebrek dat die hof 'n aansoek wat
- sonder die toestemming van so 'n persoon gemaak is, kan aanvaar.

Die persoon wat om 'n beskermingsbevel aansoek doen, word die **aansoeker** genoem. Die persoon wat huishoudelike geweld ondervind word die **klaer** genoem.

Die aansoeker en die klaer kan dieselfde persoon wees (waar die persoon die aansoek vir haarself doen) of verskillende persone (in gevalle waar die aansoek namens 'n ander persoon gedoen word).

Afdeling 4

Teen wie kan 'n beskermingsbevel uitgereik word?

'n Beskermingsbevel kan uitgereik word teen enigiemand wat in 'n huishoudelike verhouding met die klaer is. Die persoon teen wie die beskermingsbevel gevra word, word die **respondent** genoem.

Afdeling 4

Waar kan jy aansoek doen om 'n beskermingsbevel?

Jy kan aansoek doen by die landdroshof naaste aan –

- die plek waar die klaer bly of werk
- die plek waar die respondent bly of werk
- die plek waar die mishandeling plaasgevind het.

Die aansoeker mag hieroor besluit. Die hof kan die saak aanhoor, selfs al het die klaer of die respondent onlangs eers in die omgewing van die hof ingetrek of begin werk – geen minimum tyd van verblyf word voorgeskryf nie. Sodra die bevel goedgekeur is, is dit geldig regoor die hele land.

Byvoorbeeld, as die bevel in die hof van Rundu uitgereik is en die respondent verhuis na Windhoek, is dit ook in Windhoek geldig.

Afdeling 5

Wanneer kan jy aansoek doen om 'n beskermingsbevel?

Enige tyd. Aansoeke vir beskerming is veronderstel om deur die hof as dringende sake hanteer te word. Die landdros kan besluit om aansoeke vir beskerming na ure of selfs oor naweke te hanteer.

Afdeling 8(1), Regulasie 2(5)

Wie kan jou help om die aansoek te doen?

Die klerk van die hof of die staatsaanklaer wat daarmee belas is, **moet** jou help as jy daarvoor vra.

Die wet sê dit is hulle werk. Ander persone kan jou ook help om die aansoekvorm in te vul. Dit kan 'n polisieman wees, 'n maatskaplike werker, 'n familielid of enige persoon wat jy vertrou.

Afdeling 6(4)

Vir wie moet jy die aansoek gee?

Jy moet dit vir die klerk van die landdroshof gee.

Afdeling 6(4)

Watter ander dokumente moet jy insluit?

Jy moet die volgende dokumente aan die klerk van die hof gee:

- 'n Volledig ingevulde aansoekvorm

Hierdie aansoekvorm sluit 'n verklaring in waarin alle feite van die mishandeling saamgevat is. Dit word 'n beëdigde verklaring genoem wat voor 'n Kommissaris van Ede afgelê word. (Jy sweer dat die verklaring die waarheid is.) Die klerk van die hof is 'n Kommissaris van Ede. Enige polisiestasie het 'n Kommissaris van Ede. Daar is ook 'n Kommissaris van Ede by enige bank of prokureurskantoor.

As jy nie wil hê die respondent moet weet wat jou woonadres is nie, hoef jy dit nie in die vorm te skryf nie.

- Ander dokumente wat jou saak kan bekragtig, indien moontlik.

Jy kan byvoorbeeld beëdigde verklarings van ander persone wat bewus is van die mishandeling insluit soos bure of familielede. Jy kan 'n afskrif insluit van die mediese verslag van die dokter of 'n afskrif van jou hospitaalkaart wat die dae aandui waarop jy vir behandeling by die hospitaal opgedaag het. As daar geen sodanige bewyse is nie, kan jy nog steeds aansoek doen. Die beste sal natuurlik wees om dit te doen, omdat die landdros meer geneig sal wees om jou te glo as daar ekstra getuienis is.

- As jy die aansoek doen namens iemand anders, moet jy die toestemmingsvorm van daardie persoon aanheg, OF die gedeelte op die aansoekvorm invul wat aandui waarom geen toestemmingsvorm nodig is nie.

Die gevalle waar toestemming nie nodig is, is hierbo verduidelik.

- As jy 'n bevel vra wat kontak van die respondent verbied met iemand behalwe jou kind of enigiemand wat in jou sorg is, moet daardie persoon ook 'n skriftelike toestemming daarvoor aanheg.

Jy het nie 'n prokureur nodig om die vorms in te vul nie. Die vorms is baie eenvoudig en maklik om te verstaan. Enigiemand wat Engels kan lees en skryf, behoort jou te kan help.

Aansoeke om 'n beskermingsbevel is gratis.

Afdeling 6, Regulasie 2



Wat gebeur nadat jy die aansoek vir die klerk van die hof gegee het?

Die klerk van die hof sal jou aansoek aan die landdros gee. Die landdros sal dit so gou as moontlik oorweeg.

Nadat hy die aansoek en die aangehegte dokumente deurgegaan het, kan die landdros besluit wat om te doen.

OF

Die landdros kan meer inligting vra voordat 'n besluit geneem word. Daarvoor sal jy of enigiemand anders wat in die aansoek genoem word, gevra word om in die hof te verskyn en sekere vrae te beantwoord.

Die landdros het die mag om enige van die volgende dinge te doen:

- soos gevra, 'n tussentydse beskermingsbevel uitreik
- 'n tussentydse beskermingsbevel uitreik wat net 'n gedeelte van dit wat gevra word, toestaan
- die aansoek om 'n beskermingsbevel afwys omdat dit vals of onwaar is
OF
- geen besluit neem nie totdat daar ondersoek ingestel is waar die landdros al twee die betrokke partye se kante kan aanhoor.

Afdeling 8

Tussentydse beskermingsbevele is soos dringende aansoeke aan die Hoërhof. Dit is tydelike bevele wat dringend uitgereik moet word om moontlike skade te voorkom. Die landdros sal gewoonlik 'n besluit rondom die tydelike bevel neem, wat gebaseer is op die inligting in die aansoekvorm sonder om die aansoeker, die respondent of enige ander getuie persoonlik aan te hoor. Die respondent sal nietemin 'n kans kry om sy saak te stel voordat die finale beskermingsbevel uitgereik word.

Tussentydse beskermingsbevel

Die magistraat sal 'n tussentydse (tydelike) beskermingsbevel uitreik as aanvaarbare bewyse van 'n daad of 'n dreigement van huishoudelike geweld in die aansoek verskaf word.

Geen beskermingsbevel sal uitgereik word vir klein of minderwaardige handeling nie, behalwe as die handeling deel uitmaak van 'n gedragspatroon wat gevaarlik kan wees.

Die landdros sal ook na die volgende dinge kyk:

- Hoe lank die geweld al aan die gang is
- Watter tipe huishoudelike geweld (fisiek, seksueel, ekonomies) aan die gang is en hoe ernstig dit is
- Of daar enige onmiddellike gevaar vir die mense of die eiendom is
- Hoe ernstig die geweld vir die klaer is
- Die nodigheid om die klaer se gesondheid en veiligheid te beskerm sowel as dié van die kinders of enige ander afhanklikes wat hierdeur geraak kan word.

'n Tussentydse beskermingsbevel het geen effek alvorens dit amptelik aan die respondent afgelewer is nie.

Die hof sal reël vir die oorhandiging aan die respondent van 'n afskrif van die tussentydse beskermingsbevel deur die polisie, die klerk van die hof of die bode van die hof. Dit kan by die respondent persoonlik afgelewer word, by sy werkplek of sy huis, of per geregistreerde pos. Die regering sal alle koste daaraan verbonde, betaal.

Afdelings 7-9, Regulasie 6



Die polisie is verantwoordelik om tydelike polisiebeskerming vir die aansoeker te reël totdat die bevel gefinaliseer en aan die respondent oorhandig is

Afdeling 8(6)

Deur opleiding en bewusmakingsveldtogte kan ons dalk verseker dat ten minste die volgende geslag 'n minder gewelddadige samelewing sal hê.

Agbare Kawana, Adjunkminister van Justisie,
Parlementêre debat oor die Wet op die
Bekamping van Huishoudelike Geweld

Wat gebeur nadat die tussentydse bevel oorhandig is?

Dit sal afhang van wat die respondent doen. Die respondent moet besluit of hy die bevel gaan teenstaan. Hierdie besluit moet hy neem voor die datum wat in die bevel aangedui word as die **datum van terugvoering**. Dit is normaalweg **30 dae vanaf die dag waarop die bevel uitgereik is**. Maar om regverdig teenoor die respondent te wees, moet dit ten minste **10 dae wees nadat hy die bevel ontvang het**.

DIE RESPONDENT HET TWEE OPSIES:



Die bevel teenstaan

OF

Die bevel aanvaar

(1) As die respondent die bevel teenstaan

Die respondent moet 'n eenvoudige **nota** na die klerk van die hof stuur waarin hy aandui dat hy die bevel teenstaan. Dit moet voor die datum van terugvoering wees. Daarna sal daar 'n hofprosedure plaasvind, genoem die “ondersoek”, waar albei die betrokkenes gevra sal word om hulle kant van die saak te stel.

Die klerk van die hof sal hierdie datum bepaal. Dit moet binne 30 dae wees vandat klerk van die hof die respondent se antwoord gekry het. Die aansoeker sal ten minste 24 uur voor die tyd in kennis gestel word. Die ondersoek moet so gou as moontlik plaasvind om seker te maak die respondent word nie benadeel deur die tussentydse beskermingsbevel nie.

Die respondent kan vra dat die ondersoek so gou moontlik gehou word. Omdat die tussentydse beskermingsbevel gewoonlik uitgereik word sonder om die respondent vooraf daarvan in kennis te stel, is dit net regverdig om die respondent toe te laat om onmiddellik na die hof te kom om sy kant van die storie te vertel. Maar die aansoeker moet ten minste 24 uur voor die dag van die ondersoek in kennis gestel word.

By die ondersoek moet die respondent verduidelik hoekom hy nie wil hê die saak moet verder gevoer word nie. Die aansoeker moet ook dieselfde dag na die hof toe kom sodat die hof altwee kante van die saak kan aanhoor. Die stappe van 'n ondersoek word hieronder beskryf.

Die tussentydse beskermingsbevel bly van krag totdat die hof klaar is met die ondersoek en 'n besluit geneem het.

(2) As die respondent nie die bevel teenstaan nie

As die respondent nie die bevel teenstaan deur middel van 'n geskrewe nota aan die hof nie, sal die bevel outomaties gefinaliseer word. Die landdros moet seker maak dat die respondent die tussentydse beskermingsbevel ontvang het en ook dat hy verkies het om dit nie teen te staan nie. As dit bewys is, kan die landdros dit in 'n finale beskermingsbevel verander.

Afdelings 10-11, Regulasie 7

Wat as die landdros NIE 'n tussentydse bevel uitreik nie?

As die magistraat nie seker is of 'n tussentydse bevel uitgereik moet word nie, sal hy die klerk van die hof vra om die aansoeker en die respondent in te roep vir 'n ondersoek op 'n bepaalde dag. Die landdros sal dan na albei kante van die saak luister voordat hy besluit wat om te doen.

As die landdros geen rede sien om met die saak voort te gaan nie omdat daar geen meriete in is nie, sal dit nietig verklaar word. As die aansoeker nie tevrede is hiermee nie, kan sy na die Hoërhof appelleer.

Afdelings 8(3), 18

Wat gebeur by die ondersoek?

Die ondersoek is die proses waar albei kante van die saak aangehoor word. Dit is nie oop vir die publiek nie. Slegs die volgende persone mag teenwoordig wees:

- Die amptenare van die hof, die aansoeker, die klaer (as dit iemand anders as die aansoeker is) en die respondent.
- Die partye se regsverteenvoerders (as daar is), en hulle getuies.
- Tot twee persone wat die aansoeker kan ondersteun en tot twee persone wat die respondent kan ondersteun (vriende, familieledes, ens.).
- Enige ander persoon wat deur die hof toegelaat word om daar te wees.

Daar is vier maniere waarop die ondersoek kan plaasvind, afhangend van watter van die bogenoemde persone opdaag.

(1) As die respondent nie na die hof kom nie, kan die landdros –

- 'n finale beskermingsbevel aan hom stuur indien hy behoorlik van die eerste ondersoek in kennis gestel is
OF
- die saak uitstel en 'n dagvaarding aan die respondent uitreik om te verseker dat hy op die nuwe datum daar sal wees. ('n Dagvaarding is 'n wetlike dokument wat 'n persoon beveel om by die hof te wees.)



(2) As die aansoeker nie na die hof kom nie –

- kan die landdros die saak uitgooi as dit lyk asof die klaer nie meer belangstel nie
OF
- dit kan uitgestel word as daar aanvaarbare redes gegee word waarom die aansoeker nie in die hof is nie (byvoorbeeld dat sy in die hospitaal is)
OF
- kan die ondersoek voortgaan gebaseer op die aansoeker se beëdigde verklaring, of (as die respondent so wil) die aansoeker en enige ander persoon wat ook 'n verklaring gemaak het kan op 'n ander dag na die hof kom waar die respondent hulle getuienis kan teenstaan.



Die hof sal ook die stasie-bevelvoerder van die spesifieke polisiestasie vra of daar enige klagtes van intimidasie deur die aansoeker was. As dit die geval was, moet die polisie behoorlike beskerming verskaf.



(3) As nóg die aansoeker nóg die respondent by die hof opdaag

As die respondent bewus was van die ondersoek, kan die landdros met die bogenoemde prosedure in (2) voortgaan.

(4) As die aansoeker sowel as die respondent teenwoordig is,

sal die landdros aandag aan die saak gee. Die landdros sal luister na wat albei te sê het. Ander bewyse soos getuienis en mediese verslae sal ook oorweeg word. Die aansoeker en die respondent (of hulle regsverteenwoordigers) kan aan enige van die getuies vrae stel.

Afdeling 12, Regulasies 4 en 9



UITSTEL

As die magistraat die saak om die een of ander rede tot 'n ander datum uitstel, moet die tussentydse beskermingsbevel geldig bly totdat die ondersoek plaasvind.

Indien een van die partye nie in die hof is wanneer die landdros die saak uitstel nie, moet 'n kennisgewing met die nuwe hofdatum amptelik aan sodanige party oorhandig word.

Afdeling 12(11), Regulasie 8

Word regsverteenwoordigers by die ondersoek toegelaat?

Die aansoeker en die respondent word toegelaat om regsverteenwoordigers by die ondersoek te hê, maar dit sal nie juis nodig wees nie omdat dit 'n baie eenvoudige prosedure is. Die huishoudelike geweld ondersoek is min of meer dieselfde as die hofondersoek oor onderhoud.

Afdeling 12(7), Regulasie 4(5)-(7)

As een van of beide die partye nie regsverteenvoording het nie, moet die landdros sorg dat die atmosfeer ontspanne en informeel is. Die landdros moet 'n aktiewe rol speel om seker te maak dat alle relevante informasie bespreek word.



BEWYSE BY ONDERSOEKE

Die landdros sal na alle getuies wat aanvaarbare inligting het, luister. Die partye kan getuies na die hof bring om hulle sake te bekragtig. Hulle kan ook die klerk van die hof vra om 'n dagvaarding te reël vir 'n baie belangrike getuie wat dalk nie vrywilliglik in die hof wil verskyn nie (soos 'n dokter wat beserings behandel het wat deur huishoudelike mishandeling veroorsaak is). Die landdros kan ook getuies dagvaar om bewyse na vore te bring. Getuies wat nie na die hof kan kom nie, kan skriftelike verklarings gee indien beide partye daarmee saamstem.

'n Dagvaarding is 'n amptelike kennisgewing waarin 'n persoon beveel word om op 'n spesifieke dag in die hof te verskyn. Om dit te ignoreer is 'n oortreding.

Die landdros sal ook enige ander bewyse wat kan help, oorweeg. Die bewyse kan die volgende insluit:

- Vorige vonnisse vir huishoudelike geweld oortredings of ander misdade van geweld.
- Verslae van vorige tussentydse beskermingsbevele waarby een van die partye betrokke was.
- Klagtes aan die polisie oor huishoudelike geweld waarby een van die partye betrokke was.
- Formele waarskuwings wat deur die polisie uitgereik is oor huishoudelike geweld of vorige kansellاسies van beskermingsbevele.
- Vorige variasies of kansellاسies van beskermingsbevele.

Afdelings 12(4) en 16(6), Regulasie 4(9)-(11)

Wat gebeur aan die einde van die ondersoek?

Die landdros kan –

- die tussentydse beskermingsbevel (of 'n sekere gedeelte daarvan) verander na 'n finale een
- die tussentydse beskermingsbevel (of 'n sekere gedeelte daarvan) kanselleer of verander OF
- 'n nuwe bepaling tot die finale een byvoeg wat nie voorheen in die tussentydse beskermingsbevel ingesluit was nie, maar net as die aansoeker en die respondent by die ondersoek teenwoordig was.

Afdeling 12(16)-(17)



Finale beskermingsbevel

'n Finale beskermingsbevel sal uitgereik word as die landdros daarvan oortuig is dat huishoudelike geweld wel plaas gevind het. Dieselfde faktore as vir 'n tussentydse bevel sal oorweeg word.

Die finale beskermingsbevel sal aan die respondent uitgereik word. 'n Afskrif daarvan sal na die polisiestasie gestuur word waar die aansoeker gewoonlik haar klagtes gaan lê sodat die polisie gereed kan wees om te help.

Die rede hoekom 'n afskrif van die beskermingsbevel na die polisiekantoor gestuur word, is om hulle in kennis te stel van die probleem. Die hoofbevelvoerder by die polisiestasie is volgens wet verplig om al die personele van die stasie in kennis te stel dat die persoon of persone wie se name in die beskermingsbevel genoem word, in gevaar verkeer.

Indien kinders betrokke is by die beskermingsbevel, sal 'n afskrif van die beskermingsbevel na die Ministerie van Vrouesake en Kinderwelsyn gestuur word sodat hulle kan besluit of enige verdere optrede nodig is om die kinders te beskerm.

Afdeling 13, Regulasie 10

Terme in beskermingsbevele

Daar kan besluit word watter van die twee, die tussentydse bevel of die finale bevel, nodig sal wees afhangende van die erns van die probleem.

Alle beskermingsbevele sal die respondent verbied om verder huishoudelike geweld te pleeg.

Beskermingsbevele sluit ook die volgende bepalings in:

(1) Wapens

'n Bevel om die rewolwer of enige ander wapen aan die polisie te oorhandig

(2) Geen-kontak bepalings

- (a) 'n Bevel om nie naby die klaer te kom nie, ook nie naby haar huis, werk of skool nie EN/OF
- (b) 'n Bevel om nie met die klaer te kommunikeer of haar te kontak nie EN/Of
- (c) Soortgelyke bevele wat ander persone wat in gevaar verkeer (soos die klaer se kinders of familie) beskerm.

Al die name van die persone wat deur die beskermingsbevel gedek word, moet ingesluit word. As hierdie gedeelte ook 'n derde party anders as die klaer se kinders en afhanklikes dek, moet sodanige persoon skriftelike toestemming gee om ingesluit te word.

(3) Gesamentlike huishouding

'n Bevel om die gemeenskaplike huis te verlaat ongeag wie die eienaar of die huurder is.

Hierdie bepaling geld net in gevalle waar fisieke geweld betrokke is. Die landdros sal hierdie stap oorweeg net nadat die volgende aspekte oorweeg is:

- Hoe lank die huis saam bewoon is
- Die behoefte aan akkommodasie vir die klaer en haar afhanklikes
- Ander probleme wat vir die respondent en sy familieëdele wat ook in die huis woon, kan ontstaan.

Hierdie gedeelte van die beskermingsbevel kan ook 'n bevel oor die gebruik van die inhoud van die huis insluit, soos meubels. As dit nodig is, kan dit 'n bepaling insluit wat aandui dat die polisie die respondent uit die huis verwyder of dat die polisie en die respondent na die huis moet gaan om sy persoonlike besittings onder toesig van die polisie te verwyder.

(4) Alternatiewe verblyf

'n Bevel om die huur vir die klaer se verblyf te betaal of 'n ander plek vir haar te reël waar sy kan gaan bly.

Hierdie is 'n ander opsie in gevalle waar die twee partye die huis gedeel het, en die respondent nie beveel word om dit te verlaat nie. In plattelandse gebiede kan die respondent gevra word om vir die klaer 'n aparte tradisionele huis op te rig.

(5) Besit van eiendom

'n Bevel om vir die klaer sekere besittings te gee (soos die voertuig, landbougereedskap, lewende hawe, meubels, tjekboeke, die kinders se klere en speelgoed, identiteitsdokumente, sleutels of ander persoonlike items).

Die hof kan ook besluit watter ander items in die huis na die respondent moet gaan, veral as die klaer in die huis gaan bly.

(6) Beskerming van eiendom

'n Bevel aan óf die klaer óf die respondent om nie eiendom wat vir die ander party van waarde is, te verkoop of te beskadig nie.

Byvoorbeeld, as 'n man en 'n vrou binne gemeenskap van goedere getroud is en die vrou belang het by die familievoertuig alhoewel dit in die man se naam geregistreer is.



(7) Beskerming van kinders

Die bevel kan ook kinders insluit wat deur die situasie getref word deur –

- 'n tydelike bevel vir onderhoud
- 'n tydelike bevel rakende die sorg oor die kinders (daaglikse verantwoordelikhede) of toegang tot die kinders (die moontlikheid om hulle te besoek).

Byvoorbeeld die bevel kan die klaer as enigste versorger van die kinders aanstel en die respondent toegang tot die kinders te gee net onder toesig van 'n maatskaplike werker of 'n sekere familielid. Bevele rakende onderhoud, sorg en toegang is net noodmaatreëls. Die partye moet so gou as moontlik die probleme deur die regte prosedures uitsorteer.

(8) Ander bevele

Die landdros kan enige ander bevel insluit wat nodig is vir die beskerming van die klaer en almal in haar sorg.



(9) Polisiebystand

Die landdros kan die polisie opdrag gee om –

- 'n rewolwer of enige ander wapen wat by die respondent gevind word, af te neem
- saam met die klaer te gaan om haar persoonlike besittings te gaan haal.

Afdeling 14

Hoe lank is die finale beskermingsbevel geldig?

Verskillende periodes is bepaal vir verskillende omstandighede.

Bevele wat betrekking het op die gesamentlike huis en die inhoud daarvan

- So 'n bevel is gewoonlik geldig vir 'n maksimum van –
 - ses maande (indien die huis deur die respondent besit word)
 - een jaar (indien die huis gesamentlik besit word)
 - enige periode of tyd wat deur die hof besluit word (indien die huis deur die klaer besit word).
- As die gesamentlike huis gehuur word, moet die bevel dat die respondent die huis verlaat nie die tydperk waarvoor dit gehuur is, oorskry nie.
- Bevel wat betrekking het op die besittings in die huishouding soos die meubels sal geldig wees net so lank as wat die huur van die huis geldig is.

Die wet gee geen tydsbeperking vir bevele oor gesamentlike huise op kommunale grond nie.

Bevele oor kindertoesig en toegang

- 'n Bevel oor kindertoesig of toegang tot kinders sal geldig bly totdat dit deur 'n ander hofbevel verander word. Die rede daarvoor is dat **dit nie veilig sal wees om 'n bevel wat kinders raak, outomaties ten einde te laat loop nie.**

Tydlike onderhoudsbevele

- 'n Tydelike onderhoudsbevel kan geldig bly vir 'n maksimum van ses maande. Dit gee die klaer genoeg tyd om die saak met die onderhoudshof op te neem. **'n Tydelike onderhoudsbevel is net 'n voorsorgmaatreël. Dit vervang nie die rol van die gewone onderhoudshof nie.**

Ander bepalinge

- Ander bepalinge kan geldig bly vir 'n maksimum van drie jaar.

Afdeling 15

OM DIE BEVEL TE VERANDER OF TE KANSELLEER

Die klaer, die aansoeker of die respondent kan enige tyd by die landdros aansoek doen om die beskermingsbevel te verander of te kanselleer.

As die klaer aansoek doen om dit te kanselleer, kan die landdros dit doen sonder 'n ondersoek. Maar die landdros moet seker wees dat dit nie onder dwang gebeur nie en dat die kansellering daarvan nie vir die klaer, haar kinders of enigiemand anders verdere gevare inhou nie.

As die klaer of aansoeker aansoek doen om 'n verandering van die bevel, sal die landdros dieselfde prosedure volg as vir die eerste aansoek.

As die respondent om 'n verandering of 'n kansellasie aansoek doen, moet die landdros 'n ander ondersoek doen en die klaer binne tien dae daarvan laat weet. Die landdros moet seker maak dat die verandering of die kansellasie geen gevare vir die klaer of vir enigiemand sal inhou nie.

Dit is moontlik om sommige van die bepalings in die bevel te verander of te kanselleer en ander te behou.

Die landdros en enige van die partye kan vra vir 'n verslag van die **maatskaplike werker** wat gebaseer is op die huislike omstandighede om die landdros leiding te gee wanneer besluite geneem moet word.

Afdeling 17, Regulasie 11

Appél

Die klaer asook die respondent kan appél aanteken by die Hoërhof teen 'n besluit wat deur die landdros rondom die beskermingsbevel geneem is. Dit kan gedoen word binne een maand nadat die besluit geneem is. As die respondent teen die finale beskermingsbevel appelleer, sal die tussentydse bevel geldig bly totdat 'n besluit oor die appél geneem is.

Afdeling 18

Wie moet die beskermingsbevel aan die respondent oorhandig?

As die respondent in die hof is terwyl die bevel uitgereik word, kan dit persoonlik aan hom gegee word. Andersins sal 'n afskrif daarvan amptelik aan die respondent oorhandig word deur die klerk van die hof, die geregsbode of die polisie. Dit word gratis gedoen.

Afdeling 20, Regulasie 5

Kostes: Die magistraat het die mag om die bevel te gee dat of die aanklaer of die respondent 'n deel of al die kostes in konneksie met die navraag moet betaal, maar slegs nadat die finansiële posisie van die spesifieke persoon in oorweging geneem is. Byvoorbeeld 'n persoon wat die magistraat se tyd misbruik, kan beopdrag word om 'n deel van die kostes te dra.

Afdeling 20

Wat gebeur as die respondent die beskermingsbevel verontagsaam?

Dit is 'n oortreding om 'n hofbevel. Ook 'n beskermingsbevel, te verontagsaam.

Byvoorbeeld, as die bevel sê dat die respondent geen kontak met die klaer mag hê nie en hy maak wel kontak, moet die klaer die polisie daarvan laat weet. Sy moet 'n verklaring aflê oor hoe die respondent die bevel verontagsaam het. Sy kan ook 'n aparte kriminele klag teen hom aanhangig maak as hy byvoorbeeld die huis of grond betree of haar aanrand.

Die polisie het die reg om die respondent te arresteer **sonder dat 'n lasbrief** uitgereik is en indien daar grondige bewyse is dat hy die bevel verontagsaam het.

'n Respondent wat 'n derde party vra om die beskermingsbevel te verontagsaam, sal behandel word asof hy dit persoonlik gedoen het, byvoorbeeld, as 'n respondent sy vriend vra om die klaer te intimideer.

Afdelings 16(1)-(3), 23

Wat is die straf as jy 'n beskermingsbevel verontagsaam?

Om 'n beskermingsbevel te verontagsaam, is strafbaar met tot N\$8 000 of tot twee jaar tronkstraf of beide.

Afdeling 16(1)



Sommige mans in ons gemeenskap hou daarvan om hulle dronk te drink in die kroeg, rond te slaap by ander vrouens sonder om kondome te gebruik en so Vigs op te doen. Dit is die betreurenswaardige werklikheid van vandag. Dit is nog meer skandelik wanneer hierdie arme vroue geslaan, vermoor en selfs gekook word.

Agbare Kawana, Adjunkminister van Justisie,
Parlementêre debat oor die Wet op Bekamping van Huishoudelike Geweld

Die enigste wat die oues van dae vir jou sê as jy advies by hulle soek is, "Dit is private aangeleenthede, moet dit nie gaan rapporteer nie." Dit ontmoedig vroue om so iets by die polisie te gaan rapporteer. . . Hoe kan hulle van private aangeleenthede praat terwyl kinders sterf, en bejaarde vroue en kinders verkrag word? Watter soort private aangeleenthede kan dit wees?

Agbare Sioka,
Parlementêre debat oor die Wet op Bekamping van Huishoudelike Geweld

Is daar beskerming teen die misbruik van beskermingsbevele deur klaers?

Ja. As die klaer toestemming gee om die bevel te verontagsaam, is geen oortreding gepleeg nie. Byvoorbeeld, die klaer kan die respondent uitnoodig na haar huis terwyl sy weet dat daar 'n bepaling in die bevel is dat sy dit nie mag doen nie. In so 'n geval kan die respondent nie skuldig bevind word omdat hy die bevel verontagsaam het nie. Maar dit is wetlik nie moontlik dat die klaer toestemming gee om fisiek mishandel te word nie.



Ek het gedink ek sou voordeel uit die beskermingsbevel trek en het my man huis toe genooi om hom terug te betaal. Nou is ek die een wat in die moeilikheid beland het.

As die klaer vals of misleidende inligting vir die polisie gee in verband met die verbreking van 'n beskermingsbevel, dan het sy oortree. Die straf daarvoor is tot N\$4 000 of tot een jaar tronkstraf of beide.

Afdeling 16(4)-(5)

Kriminele vervolging vir die oortreding van beskermingsbevele

Sekere prosedures in die deel van die Wet op huishoudelike geweld geld vir kriminele vervolging vir die oortreding van beskermingsbevele.

Afdeling 16(7)

Privaatheid

Niemand mag inligting wat rondom jou identiteit of dié van die kinders publiseer tensy die hof besluit het dat dit nodig sal wees dat die publiek daarvan kennis moet dra. Om hierdie inligting sonder die toestemming van die hof te publiseer, is 'n oortreding. Die straf daarvoor is N\$10 000 of tot een jaar tronkstraf of beide.

Afdeling 30



Ek het nie voorheen probeer om hulp te kry nie omdat ek nie wou hê my vriende moet van my familieprobleme in die koerant lees nie. Die nuwe wet beskerm die privaatheid van my familie. Daar is 'n verslag van die gebeure in die koerant, maar alle besonderhede oor ons identiteit is weggelaat.

HUISHOUELIK GEWELDDADIGE OORTREDINGS

Skep die wet ruimte vir oortredings?

Nee, maar sekere oortredings wat in huishoudelike verhoudings plaasvind, word na verwys as “huishoudelike geweld oortredings”. Hierdie oortredings word op verskillende wyses hanteer.

Oortredings van geweld (soos moord, verkragting, onbehoorlike aanranding en aanranding) en ander tipes oortredings (soos ontvoering, roof, kwaadwillige beskadiging van eiendom en kriminele belediging) val onder hierdie oortredings.

Om 'n beskermingsbevel te verontagsaam is ook 'n huishoudelike geweld oortreding.

Afdeling 21, Eerste Skedule



Wie kan 'n klag teen huishoudelike oortredings lê?

Die klaer of enigiemand wat vir haar omgee – soos 'n berader, gesondheidsbeampte, polisiebeampte, maatskaplike werker, onderwyser of werkgewer.

Maar net 'n persoon wat deur die beskermingsbevel gedek word, kan 'n klag by die polisie gaan lê dat die beskermingsbevel verontagsaam is.

Dit is 'n oortreding om vals inligting oor 'n huishoudelike oortreding te gee. Die straf daarvoor is tot N\$4 000 of tot een jaar tronkstraf of beide.

Afdelings 22 en 16(7)



Wat kan die polisie doen in geval van huishoudelike geweld?

'n Polisiebeampte wat rede het om te vermoed dat huishoudelike geweld plaasgevind het, kan die volgende doen:

- **Arresteer** die verdagte **sonder 'n lasbrief**
- Reik 'n **formele geskrewe waarskuwing** aan die verdagte uit wat in ag geneem sal word indien verdere probleme ontstaan.

Maar die polisiebeampte moet die klaer se wense in ag neem.

Die polisie kan ook sonder 'n lasbrief na wapens soek op die toneel van die geweld indien hulle iets gewaar of deur iemand daarvan vertel word.

Die polisie het die reg om enigiemand wat teenwoordig is, oor wapens te ondervra.

Afdeling 23

FORMELE WAARSKUWINGS

Formele waarskuwings is van toepassing waar die klaer hulp by die polisie vra maar nie die oortreder wil laat arresteer nie. 'n Formele waarskuwing laat die mishandelaar weet dat die polisie bewus is van die probleem en dat die slagoffer hulp gesoek het.

As die polisiebeampte 'n formele waarskuwing uitreik, moet die stasibevulvoerder 'n afskrif daarvan by die polisiestasie liasseer. As daar later hofsake kom, sal dit die saak van die mishandelaar baie bemoeilik. Daar is geen beperking op die aantal formele waarskuwings wat uitgereik kan word nie. Die straf vir versuim om by die reëls van die finale waarskuwing te hou is tot N\$2 000 of tot ses maande tronkstraf.

Afdeling 23(1), Regulasies 12 en 4(9)(b)



Sommige mishandelaars sal formele waarskuwings ignoreer, maar dit kan help in later hofsake. Die klaer sal moontlik in die beste posisie wees om te kan bepaal hoe die mishandelaar hierop sal reageer.

Sal die verdagte oortreder vrygelaat word op borg?

Die saak van borg sal soos enige ander oortreding hanteer word met 'n paar belangrike verskille. Die klaer moet ingelig word wanneer die borgverhoor sal plaasvind en moet dan toegelaat word om inligting in verband daarmee by die hof in te dien. Byvoorbeeld, as die persoon wat gearresteer is die klaer gedreig het, kan dit gronde wees om borgtog te weier. As 'n persoon wat beskuldig word van huishoudelike geweld op borg vrygelaat is, sal hy kontak met die klaer geweier word en die besit van 'n rewolwer of enige ander gespesifiseerde wapen sal nie toegelaat word nie.

Die hof kan bepaal dat die beskuldigde die klaer en alle afhanklikes finansiëel moet onderhou terwyl hy op borg uit is, soos wat die geval was voor die arrestasie. Dit sal verseker dat die klaer nie finansiëel daaronder ly nie.

Die hof kan ander borgvoorwaardes byvoeg.

As die klaer nie teenwoordig was by die borgverhoor nie, moet sy in kennis gestel word dat die beskuldigde op borg uit is en ook van die voorwaardes waaronder die borg toegestaan is.

Afdeling 24, Tweede Skedule, Regulasie 13

WAT MOET JY DOEN AS DIE PERSOON WAT OP BORG UIT IS, JOU DREIG?

Jy moet dit onmiddellik by die polisie rapporteer. Die polisie moet die staatsaanklaer verwittig sodat aansoek gedoen kan word om die borg te kanselleer.

’n Kind is onskuldig - hulle het nie gevra om gebore te word nie en daarom moet hulle onder alle omstandighede beskerm word.

**Agbare Nandi-Ndaitwah, Minister van Vroue-aangeleenthede en Kinderwelsyn,
Parlementêre debat oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld**

Sal die hofsaak geslote wees vir die publiek?

Verhore van huishoudelike geweld oortredings soos verkragting word in 'n geslote hof aangehoor. En, soos in die geval van verkragting, sal dit 'n oortreding wees om enige inligting wat die identiteit van die klaer kan bekend maak, te publiseer.

Tweede Skedule

VINNIGE VERHORE

Daar is regulasies wat verseker dat verhore van huishoudelike geweld sake so gou as moontlik aangehoor word.

'n Staatsaanklaer wat 'n kriminele saak oor huishoudelike geweld ontvang, moet dit onmiddellik op die rol plaas. Hierdie sake moet dringend aandag ontvang.

Al word 'n kriminele saak wat betrekking het op huishoudelike geweld uitgestel, kan die landdros of die regter besluit dat die beskuldigde in die tronk bly tot die nuwe hofdag, selfs al was hy voorheen op borg uit. NET AS daar tekens is dat huishoudelike geweld wel plaasgevind het en dat daar bewyse is dat die feit dat die beskuldigde buite die tronk vir die klaer en haar afhanklikes 'n gevaar is, kan die hof 'n bevel teen die beskuldigde uitreik.

Afdeling 32, Regulasie 16

DIE VERMINDERING VAN ANGS OOR DIE VERHOOR

Die staatsaanklaer moet jou inlig oor wat presies in die verhoor plaasvind. Die staatsaanklaer kan 'n maatskaplike werker vra om jou voor die tyd na die hofsaal te bring en jou presies te wys waar jy gaan sit en jou in te lig oor alles wat daar gedoen sal word. Jy kan die beëdigde verklaring wat jy aan die polisie gegee het weer deurgaang voordat die verhoor begin.

Afdeling 24

Watter is die straf vir huishoudelike oortredings?

Die straf sal afhang van die omstandighede van die oortreding.

Dit kan 'n boete wees, tronkstraf of 'n opgeskorte vonnis (tronkstraf wat uitgestel word solank as daar geen herhaling van die oortreding is nie). Dit kan ook 'n naweek in die tronk of gemeenskapsdiens wees.

Die laaste twee opsies kan goed wees in gevalle waar die oortreding nie té ernstig is nie of waar die skuldige 'n werk het en dit nie wil verloor nie.

Die klaer sal gevra word wat sy dink die beste straf sal wees. As die klaer dood is, sal 'n naby familielid gevra word.

Afdeling 25, Regulasie 13



VUURWAPENLISENSIE

Skuldigbevinding aan 'n huishoudelike geweld oortreding waarin fisieke geweld plaasgevind het, kan veroorsaak dat die beskuldigde se vuurwapenlisensie ingetrek word vir ten minste twee jaar of nog langer as dit nodig is. As die vuurwapen in die aanval gebruik is, of as die aanrander die vuurwapen onder die invloed van drank of dwelms gebruik het, bestaan die moontlikheid dat hy onbevoeg verklaar kan word om dit te behou.

Tweede Skedule

Hierdie wet poog ook om gemoedsrus in ons gemeenskappe en huise te bewerkstellig. Huishoudelike geweld is 'n ewel, 'n kanker wat baie beslis besig is om die waardes en moraal van ons jong generasie te vernietig en daarom moet dit ten sterkste veroordeel word.

Agbare Tseehama, Direkteur-Generaal van die Namibiese Sentrale Intelligensie Dienste,
Parlementêre debat oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld

AFWYKINGSPROGRAMME VIR HUISHOUDELIKE GEWELD OORTREDERS

In sommige lande word oortreders na beradingsprogramme verwys as alternatief vir 'n kriminele verhoor. Die moontlikheid dat die verhoor wel uitgestel kan word, bestaan indien die mishandelaar bereid is om so 'n program by te woon. As die beskuldigde die ooreenkoms oortree, sal die verhoor voortgaan. Indien die afwykingsprogram suksesvol afgehandel word, word die kriminele aanklag teruggetrek.

'n Ander opsie is om die afwykingsprogramme as alternatief vir straf te gebruik. Nadat 'n persoon skuldig bevind is aan 'n huishoudelike geweld oortreding kan die hof die straf geheel en al of gedeeltelik opskort op voorwaarde dat die program suksesvol afgehandel word. As dit nie afgehandel word nie, kan die opgeskorte vonnis opgelê word.

Teen 2004 het Namibië nog nie afwykingsprogramme vir oortreders gehad nie, maar opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers was aan die gang wat hulle sou leer hoe om met oortreders te werk.



...Dit is belangrik dat waardes van geslagsverskille en -gelykheid, eerlikheid en opregtheid in Namibiese skole geleer word. Die jonger generasie moet geleer word om huishoudelike verhoudings as vrywillige, emosionele en familieverhoudings te aanvaar, en nie noodwendig verhoudings wat met geweld gepaard gaan nie. Skole moet ook begin om onsensitiewe neigings teenoor geslagsverskille wat van tradisionele manlike chauvenisme afkomstig is, af te leer.

Agbare Ulenga,
Parlementêre debat oor die Wet op die Voorkoming van Huishoudelike Geweld

VERANTWOORDELIKHEDE EN PLIGTE VAN DIE POLISIE

Watter magte het die polisie teenoor huishoudelike geweld oortreders?

Die polisie kan –

- die oortreder sonder 'n lasbrief arresteer
- 'n formele waarskuwing gee, en
- wapens soek sonder 'n lasbrief.

Die polisiebeampte kan enigiemand wat by die voorval is, vra of daar wapens betrokke was. Voordat ondersoek ingestel word na die gebruik van wapens, moet die polisiebeampte (a) die wapen gesien het of inligting gekry het dat daar wel 'n wapen is, (b) glo dat die betrokke wapen ernstige liggaamlike beserings aan die klaer kan veroorsaak.

Afdeling 23

Watter verantwoordelikhede het die polisie teenoor die slagoffer?

Die Inspekteur-Generaal van die polisie moet die polisie leiding gee oor hulle pligte in sake rakende huishoudelike geweld. Dit moet die volgende behels (met voorbeelde uit konsepriglyne):

- Prosedures om beskerming vir klaers, kinders en ander betrokkenes te verseker.
Byvoorbeeld, wanneer die beskermingsbevel uitgereik word, moet die stasie-bevelvoerder alle polisiebeamptes by die betrokke stasie laat weet dat die klaer se lewe in gevaar is en seker maak dat die nodige beskerming gegee word. Meer beskerming moet gegee word in hoë risiko gevalle soos waar vuurwapens betrokke is. Die polisie moet ook die klaer huis toe vergesel om haar besittings te gaan haal.
- Prosedures om seker te maak dat polisie vinnig reageer en alle verslae deurgee.
Hulle moet op enige saak wat huishoudelike geweld betref so vinnig as moontlik reageer en aandag gee, ook in gevalle waar 'n beskermingsbevel verontagsaam is. Byvoorbeeld, die polisie moet onmiddellik reageer as 'n klag van huishoudelike geweld by die aanklagkantoor aangemeld word.
- Prosedures om 'n onderhoud in 'n gemaklike atmosfeer met alle getuies voer.
Byvoorbeeld, indien moontlik moet die polisie die verklaring laat neem deur iemand wat dieselfde geslag as die slagoffer is. Die verklaring moet privaat geneem word, maar as dit nodig is kan jy 'n vriend of 'n ondersteuner saam met jou hê.

- Hulle moet die nodige inligting aan die klaer, die beweerde mishandelaar en ook aan die familie lede gee rakende die volgende:
 - Hulp om mediese behandeling te kry
 - Beskikbaarheid van skuilplekke en ander toepaslike dienste
 - Beskikbaarheid van vervoer vir mediese behandeling of na 'n skuilplek
 - Die regte en bronne en hulpmiddels wat beskikbaar is in terme van die wet en hoe dit werk.

Afdeling 26

HOE VERBETERING VAN POLISIE REAKSIE BEWERKSTELLIG KAN WORD

Die Inspekteur-Generaal van die polisie moet jaarliks verslae na die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede stuur waarin die riglyne gestipuleer word wat gebruik word asook die tipe opleiding wat aan die polisie gegee word om hulle werk effektief tot uitvoering te bring, .

Die polisie moet ook uitvoerige inligting oor alle huishoudelike geweld sake hou, ongeag of kriminele klagte gelê is of nie.. Die Inspekteur Generaal moet jaarliks statistieke saamstel en dit na die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede aanstuur.

Die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede moet elke jaar 'n verslag hieroor aan die Nasionale Vergadering stuur. Hierdie verslag sal nie die identiteit van die betrokkenes openbaar maak nie.

Afdelings 26-28



DIE GEWELDWIEL

Die geweldwiel is 'n herhalende patroon waardeur die oortreder rondgeslinger word tussen minsame, berouvolle en kalm gedrag tot 'n periode van spanning wat groei tot fisieke, seksuele en of emosionele geweld.

Hoe meer kere die wiel voltooi word, hoe minder tyd neem dit om ten einde te loop.

DIE "WITTEBROOD"

Oortreders tree gewoonlik anders op ná episodes van geweld. Sommige blameer die feit dat hulle "kwaad" is oor iets wat jy gesê of gedoen het. Sommige gedra hulle asof hulle regtig baie jammer is omdat hulle vrees hulle gaan jou verloor. Hierdie fase word die fase van "wittebrood" genoem. Die mishandelaar sal probeer om op te maak vir wat gebeur het. Hy sal vir jou blomme en kaartjies stuur, selfs geskenke koop, by die huis help met takies, tyd met die kinders spandeer, kerk toe gaan, 'n berader spreek of mooi beloftes maak. Dit is belangrik om te weet dat hy in hierdie fase probeer om jou terug te wen.

SPANNING

Hier voel jy of jy op eiers loop. Niks is in orde nie. Daar is nie 'n manier hoe jy kan weet wat die mishandelaar wil hê nie. Alhoewel daar nog nie fisieke geweld te bespeur is nie, is daar emosionele geweld, intimidasie en dreigemente. Angs vir geweld is net so erg soos geweld self.

GEWELD

Dit is die eintlike handeling van geweld. Dit sluit in fisieke, emosionele en seksuele misbruik.

Namate die sirkel herhaal word, styg die frekwensie en intensiteit van geweld.

Niemand wat werklik omgee vir die toekoms van ons volk kan die status van ons kinders en vroue ignoreer nie.

President Sam Nujoma, 23 September 1993

Austrian
Development Cooperation



**Lawyers Association of Malaga,
Spain**

